# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 50** **Nr 32** **21 September 2025**


## VIER HIERDIE JAAR EN ELKE JAAR N JUBELJAAR

Ons Jubeljaar of eerder jubellewe begin by die Here. Hy seën ons met 'n nuwe lewe van oorvloed. Ons deel reeds, en sal eendag in volmaaktheid, deel in sy ewige lewe. Ons jubel nie net elke 50 jaar nie, maar elke dag. Vir ons as verlostes is dit hierdie jaar en elke jaar 'n jubeljaar. Ons lees van die belangrikheid van rus:

"*So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertroue hê*" (Jesaja 30:15).

In 'n jubellewe kom ons die Here se voorskrifte na en gehoorsaam sy bepalings. Die belofte is: "*As julle dit doen, sal julle sonder sorge in die land kan woon*" (Lev 25:18). Die aarde en alles daarop behoort aan die Here. 'n Jubellewe is alles wat ek is en het, en is deur die Here aan my geleen.

Ons moet dus vir Hom alles gee wat Hy van ons vra. Ons moet gereeld bid dat die Here ons lewe sal verander sodat Hy meer word en ons minder en dat ons meer aan Hom toegewyd sal wees.

### Jubeljaar *(Louis Brittz se lied)*

*Ons kies die kruispad met 'n glimlag*

*Losgekoop, getuig ons van die kruis*

*Jesus, gee sy jubelgees, dat ons al meer soos Hy kan wees.*

*Die grond waarop ons voete loop, sal bewe,*

*Sal vrugdra want die kruis bring lewe*

*Die jubeljaar-belofte bly, skud jou kettings af, jy's vry*

*Kyk, kyk die Koning het gekom om te sê*

*Hy bring die jubeljaar.*

Daar's hoop, hope hoop, ons kan maar droom. *"Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want Hy is getrou: Hy doen wat Hy beloof het"* (Heb 10:23).

*Daar's vreugde in die jubeljaar.*

Dis hierdie jaar en elke jaar, 'n jubel, jubel, jubel, 'n jubeljaar…

**Is dit ook waar van jou lewe?**

Oudl Ben Erasmus

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Nagmaal    Volgende week: Hersiening Les 15-21, Ps 145-1:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## KOLLEKTES

| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Emeritaatsversorging** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Sep | Elma | Human | A10 | 0722644979 |
| 22-Sep | Anneke | Beumer | C04 | 0822935180 |
| | Ignus | Jonker | B04 | 0832842974 |
| | Bets | Prinsloo | C15 | 0828899650 |
| | Jan | van Rooy | C04 | 0828205856 |
| | Hettie | v Schalkwyk | A14 | 0723797624 |
| 23-Sep | Jean | Barnard | B11 | 0788818140 |
| | Mollie | Buys | B07 | 0845976228 |
| | Lente | Lubbinge | E01 | 0637427332 |
| 24-Sep | Elesa | Dreyer | B09 | 0768041582 |
| | Maurits | Hagg | B05 | 0824037930 |
| | Bets | Roos | B09 | 0826874885 |
| | Lourette | vd Berg | B11 | 0822692894 |
| 26-Sep | Andre | Pretorius | A12 | 0829554322 |
| 27-Sep | Wim | Prinsloo | C13 | 0825702036 |
| | Annemie | v Rooy | C04 | 0828205856 |
| | Albert | Venter | A03 | 0728445325 |
| | Michell | Wakeford | C07 | 0712726801 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Sep | Lara | de Beer | A11 | 0761197018 |
| 22-Sep | Chevelle | Du Randt | B02 | 0662812018 |
| | Lisa | Jooste | A04 | 0720429738 |
| | Ameliah | v Schalkwyk | B14 | 0848190026 |
| 25-Sep | Carmine | Schoulund | E01 | 0833095606 |

## Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/
aletheaministry/
Rev Maarten van Helden

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Hester Enslin sterk aan in Unitas hospitaal na 'n derde heupoperasie (C3 - 063 624 9255).
- Nannie du Plessis sterk tuis aan na 'n besoek aan die hospitaal (B18 – 072 997 7972).
- Dit gaan beter met Liam Pilkington, hy sterk aan in Milpark-hospitaal (E01 - 072 245 0068).
- Marinus du Plessis sterk aan na 'n voetoperasie (B9 - 083 609 1275).
- Louis Trichardt het 'n draai in die hospitaal gemaak (A17 - 082 388 6001).
- *Meelewing* word betuig met:
  - Familie en vriende van Annetta Lombard wat gedurende die week oorlede en begrawe is.
  - Anne Groenewald se suster is gedurende die week oorlede.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

♥ Marno en Dessiré Hermann wat gister in die huwelik bevestig is.



## N a g m a a l

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste bedien.

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**PF Wolmarans Prokureurs** - Opstel van testamente, boedel-bereddering, registrasie van huis-oordragte. Dit is die verkoper se prerogatief om die prokureur aan te stel. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Tuinwoonstel** - tweeslaapkamer, sit-/eetkamer, badkamer met stort, kombuis/ opwas, toesluitgarage en tuin beskikbaar vanaf November 2025. Lyttelton Manor. Kontak Phia 082 541 6488.

## Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk
Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk
Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219



Dit is met groot dank dat ons bekend maak dat prop Alistair gedurende die week beroepbaar gestel is. Hy was hier by ons in die gemeente werksaam in Juliemaand. Mag u steeds die bedienaars van die Woord in u gebede onthou.

## Mentor Opleiding

**GK Centurion**

Donderdag **25 September**

**18:00 – 20:00**

Crossroads Prison Ministries is ‘n evangelisasie aksie onder gevangenes in tronke wêreldwyd.

Daar is ‘n adminkantoor by GK Centurion waarvandaan besoeke aan Leeuwkop Gevangenis gedoen word. Dit werk so:

— Studente wat inskryf kry ‘n 6 bladsy A5 boekie waarin die lesse vervat word. Na voltooiing gaan ‘n Mentor die les na waarna dit tesame met die volgende les weer aan die student oorhandig word.

— ‘n Sendeling besoek weekliks elk van die 4 tronke by Leeuwkop waartydens hy ‘n “*Devotion*” hou. Hy oorhandig die reeds gementorde lesse en samel die nuut voltooide lesse in.

— Die adminkantoor versprei voltooide lesse aan mentors, hoogstens 1 les per week. Die mentor werk daardeur by sy huis, in sy eie tyd, maak reg wat verkeerd is, skryf bemoedigende kommentaar en ‘n brief.

Ons benodig dringend nog mentors. Kontak ons asseblief indien julle belangstel om ‘n mentor te word, of net meer inligting wil bekom. Ons sal agter in die kerk wees na afloop van die oggend- en aanddiens om meer inligting te verskaf.

**Ronell 083 292 3534 of Hannie 082 780 3653**

## Droë vrugte

Elke Sondag na die oggend-erediens, is daar droë vrugte beskikbaar by die kombuis se agterluik, o.l.v. die susters, dit is jul deurlopende fondsinsamelingsprojek.

Esmé Groenewald 082 872 4878

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**21 Sept**

Elanè Pienaar (sameroeper)

Graad 8



**28 Sept**

Annelette Gentle (sameroeper)

Graad 9

## Attessake soos op 21 Sept 2025

**Met attestaat aangesluit**
Pieter en Elize Pretorius vanaf GK Zeerust (B10)
Ettie vd Berg van GK Cullinan (B11)

**Opgeneem**
Edward Classen
Anne Groenewald (C04)
Cilliers en Reine Malan (C14)
Tanei Venter (B15)
Rickus Eloff (A18)
Chanté Nell en een dooplidmaat, haar suster, Mikayla (C11)

**Met attestaat vertrek**
Johan en Grethe Posthumus en 3 dooplidmate na GK Lyttelton
Casper Kruger na GK Wierdapark
Suné Botha na GK RHK
Nicolene van Dyk na GK Nelspruit

**Vertrek sonder Attestaat**
Arrie vd Plaats


LENTEKOORFEES
Centurion Cantus Koor
KOM VIER DIE LENTE
SAAM MET BEKENDE KORE
SILVER SOUNDS
RHEINBERGER KOOR
VOICES DIVINE
WELSH MALE VOICE CHOIR
CENTURION CANTUS
27 SEP
15:00
GEREFORMEERDE
KERK CENTURION,
BASDENLAAN, CENTURION
KINDERS ONDER 12
EN PENSIONARISSE: R50
VOLWASSENES: R70
ELEKTRONIESE KAARTJIEVERKOPE
BY DIE DEUR BESKIKBAAR.
KONTAK C. VENTER OP WHATSAPP
BY 083 997 2473 VIR BESPREKINGS
EN AANKOPE.

# Gereformeerde Sessies 2025

**Waar:** Mighty Apies Venue – 30km buite Pretoria

**Wanneer:** 9-11 Oktober 2025

**Tema:** Die Gereformeerde Orde

Kom luister, dink en gesels saam oor die instandhouding van die Gereformeerde Orde. Die hoop is dat ons vir 'n kort tydjie in ’n rustige en gesellige omgewing onsself kan afsonder van die daaglikse gewoel om so ook weer te verdiep in die rykdom van Skrif, belydenis en kerkorde. Die konferensie is veral gemik op ampsdraers, maar alle belangstellendes is welkom om saam te kom. Hierdie jaar maak ons spesiale voorsiening dat die hele gesin saam kan kuier – pa, ma en kinders. Die Mighty Apies Venue bied vir die kleinspan hope pret met swembaddens, hindernis bane en groot grasperke om op te speel en te ontspan.

Gaan besoek gerus die webtuiste. Jy kan daar vir jou en jou gesin ‘n plek bespreek - https://www.gksessies.co.za. Wil jy meer weet oor die inhoud en aanpak van die geleentheid, gaan luister na laasjaar se gesprekke - https://www.gksessies.co.za/podcast.

Ons sprekers tydens die geleentheid: Dolf Britz, Gerard Meijer, Theuns de Bruyn, Juan Mienie, Carel Jansen, Pieter le Roux, Erik van Alten, Gerben Meijer, Christiaan Jooste, Peet van der Westhuizen en Kosie Henning.

Vir meer inligting kontak gerus vir Gerben Meijer (0622794469) of Jan Louis Lee (0716406013).

# Liturgiese Riglyne

## N A G M A A L

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Sien jy die Lam van God?

**Skriflesing:**
Joh 1:19-34; Heb 12:1-3; Op 5:1-7; Job 42:5 (1983)

**Teksvers:**
Johannes 1:29

**Sing:**
Ps 118:12,14
Ps 126:1
Sb 5-3:1,2
Sb 17-3:1,2
Ps 116: 1,2...
Ps 103:1,3
Sb 18-7:1,8,9,12
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die Here leer ons in sy Woord om anders na dinge te kyk. Anders kyk is ook anders dink en doen. In ons eie gedagtes is ons mos tot alles in staat, maar in die oë van die Here net nog verlore sondaars!

Hy roep ons op om die wonder van sy genade nie mis te kyk nie. Die Man van Nasaret, die seun van die timmerman, die mens Jesus, is die Een wat in staat is om die onmoontlike te doen. Om versoening tussen die heilige God en mense te bewerk.

En die eenvoudige tekens van die Nagmaal stel u vandag weer in staat om Hom en sy versoeningswerk raak te kyk/sien: Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

## S O N D A G A A N D 18:00

## Die ewige lewe is die moeite werd

**Skriflesing**:
Handelinge 13:13-52 (2020)

**Teksvers**:
Handelinge 13: 46-48

**Sing:**
Ps 147:1,7
Ps 23:3
Ps 116:1,2,3,5
Sb 5-3:1,2,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die apostel Paulus is, gelei deur die Heilige Gees saam met Barnabas op die eerste sendingreis.

Nadat hulle Ciprus besoek het, vaar hulle terug na die vasteland, en van Perge loop hulle deur die Taurus-berge tot by Antiogië in Pisidië. Hulle verkondig kragtig die evangelie, en die hongerige harte van die mense begeer om nog te hoor. Maar die volgende Sabbat, as die hele stad kom om die evangelie te hoor, is die harte van die Jode vol onguns.

Is die ewige lewe tog die moeite werd?